UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot·your knowledge partner

# NUUSBRIEF

## Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds

Maart 2013 Volume 19

1. Beleggingsprestasie: 2012
2. Toewysing van bydraes tot die fonds
3. Jongste wetgewingskwessies
4. Veranderinge in reëls
5. Projeksiestate
6. Lede wat nie hulle fondskrediet opeis nie
7. AF Online: u intydse bron van inligting
8. Uitstel kan u seermaak
9. Voordeelstate soos op 31 Desember 2012
10. Pensioenteiken is nie 'n belofte nie
11. Benoemingsvorm vir begunstigdes
12. Bestuur van die fonds
13. Die fonds se diensverskaffers
14. Belangrike kontakbesonderhede

Beplanning en spaar vir u aftrede verg persoonlike dissipline en kennis. Alhoewel u as 'n lid van die *Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds* reeds ondersteuning in hierdie verband ontvang, bly dit 'n tweerigtingproses met die fonds waarin u vir u toekoms beplan. Hierdie jaarlikse nuusbrief sal u inlig oor die fonds se beleggings, die bestuur van die fonds en ander nuus wat dit beïnvloed, soos veranderinge in wetgewing. Neem die tyd om hierdie nuusbrief te lees. U moet uself toerus met die essensiële inligting om u aftrede na 'n vlak te neem waar u gemaklik kan leef en die latere jare van u lewe geniet.

### 1. Beleggingsprestasie: 2012

Die geld wat in die fonds gehou word, word belê met die doel om te verseker dat dit vinniger groei as inflasie. Die inligting wat volg sal u op datum bring van die plaaslike en globale ekonomiese prestasie vir die vierde kwartaal van 2012.

**Markprestasie**

Die FNB/BEO verbruikersvertroue-indeks het tot -3 gedaal, wat saam met die swakker ekonomiese vooruitsig daarop dui dat groei in huishoudelike verbruik stadig sal bly.

Suid-Afrika se inflasiekoers, gemeet aan die verbruikersprysindeks (VPI), was in Desember 5.7% op 'n jaar-tot-jaar basis. Die bruto binnelandse produk (BBP) vir 2012 was 2.5%.

Die Reserwebank het tydens sy finale vergadering in 2012 die repokoers op 5% gehou, asook met sy eerste vergadering in 2013.

FNB en die Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) stel elke kwartaal die **FNB/BEO verbruikersvertroue-indeks** op. Die indeks ondersoek sake- en verbruikersvertroue.

Die **Verbruikersprysindeks (VPI)** meet veranderinge in die prysvlak van verbruikersgoedere en dienste wat deur huishoudings gekoop word.

Die **repokoers** is die koers waarteen die Reserwebank geld aan die grootste handelsbanke leen.

**Bateklasprestasie vir die tydperk tot 31 Desember 2012:**

| Bateklasse | K4 2012 | 1 jaar | 3 jaar | 5 jaar | 2011 |
|---|---|---|---|---|---|
| Plaaslike aandele | 10.34% | 26.68% | 15.63% | 9.41% | 2.57% |
| Plaaslike effekte | 2.59% | 15.99% | 13.28% | 10.94% | 8.82% |
| Plaaslike kontant | 1.32% | 5.55% | 6.06% | 7.78% | 5.73% |
| Wêreldaandele | 5.53% | 22.47% | 12.73% | 3.79% | 15.91% |
| Wêreldeffekte | 1.07% | 6.82% | 9.42% | 9.93% | 29.79% |
| Wêreldkontant | 2.85% | 5.17% | 4.93% | 4.89% | 22.13% |

**Die opbrengste vir globale bateklasse is van dollar in Rand omgeskakel. Daarbenewens is die globale kontantopbrengste die Amerikaanse drie-maande skatkiswissel.*

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*


## Vooruitskouing

Die Reserwebank het sy reële BBP groei vooruitskatting vir Suid-Afrika afwaarts aangepas van 3.4% tot omtrent 2.9%. Die bank sal heel waarskynlik die repokoers vir die meeste van 2013 teen 5% hou.

Die bank verwag dat inflasie sal verhoog soos Suid-Afrikaners die volledige effek van hoë globale voedselpryse begin ervaar. Daar word ook verwag dat die res van die wêreld stadige groei sal ervaar. Indien die VSA 'n resessie sou ervaar, kan die res van die wêreld nog meer van 'n ekonomiese verlangsaming ervaar.

## Opbrengste van die fonds

'n Belegging van R100 in die gebalanseerde portefeulje van die fonds sou oor die afgelope drie jaar soos volg gegroei het:




Die trustees monitor die prestasie van al die beleggingsbestuurders op 'n voortgesette basis en probeer verseker dat die langtermyn beleggingsprestasie in lyn is met of selfs beter as die onderskeie maatstawwe. Die tabel hieronder illustreer die fonds se portefeulje opbrengste vir die tydperk tot 31 Desember 2012, tesame met 'n vergelyking van die beleggingsprestasie van ander bestuurders in Suid-Afrika. Opbrengste is netto van beleggingskostes. Maatstawwe is ook aangepas om rekening te hou met beleggingskostes, waar van toepassing.

| | *1 jr (p.a.)* | *3 jr (p.a.)* | *5 jr (p.a.)* |
|---|---|---|---|
| **Plaaslike Bates** | | | |
| Allan Gray | 13.3% | 12.3% | 10.0% |
| Coronation | 21.8% | 16.8% | 13.2% |
| Prudential | 23.7% | 16.3% | 11.8% |
| *Mediaan plaaslike bestuurder*[1] | *19.5%* | *14.5%* | *10.7%* |
| *Top kwartiel plaaslike bestuurder*[1] | *23.5%* | *16.4%* | *12.4%* |
| **Internasionale Bates** | | | |
| Allan Gray International | 13.8% | 6.1% | 6.0% |
| Contrarius | 15.3% | Nie van toepassing | Nie van toepassing |
| *Internasionale indeks-maatstaf*[2] | *17.8%* | *11.7%* | *5.6%* |
| **Totale Fonds**[3] | **18.2%** | **13.6%** | **10.5%** |
| *Mediaan bestuurder (plaaslik en internasionaal)*[4] | *19.8%* | *13.6%* | *9.2%* |
| *Inflasie* | *5.7%* | *5.1%* | *6.3%* |

[1] *SA Large Manager Watch Best Investment View* (Mediaan sluit in Allan Gray, top kwartiel sluit Allan Gray uit)
[2] Die maatstaf word bereken as 70% van die *MSCI World Index* en 30% van die *Citi World Government Bond Index*
[3] Sluit surplus indeks verheffing van 0.5% soos in Maart 2010 uit
[4] *Global Large Manager Watch Best Investment View*

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*


Op 31 Desember 2012 het die gebalanseerde beleggings van die fonds **R2,174,706,226** beloop en is dit soos volg belê:


Allan Gray : R590,273,341
Coronation : R626,164,896
Prudential : R429,987,742
Contrarius : R259,146,370
Allan Gray International : R269,133,877

Die totale bates in die twee kapitaalbeskermingsportefeuljes[5] het op 31 Desember 2012 soos volg daar uitgesien:

IS FullVest : R3,583,847
IS Banker : R24,836,970

Die bateklasverdeling en bestuurder toewysing van die gebalanseerde portefeulje het op 31 Desember 2012 soos volg daar uitgesien:




### Huidige beleggingsopsies

Die meerderheid lede van die fonds word in die fonds se gebalanseerde portefeulje belê. Lede wat ouers as 53 is, het die keuse om hulle fondskrediete gedeeltelik of ten volle in die kontantportefeulje te belê (die kapitaalbeskermings-opsie). Sekere kostes en voorwaardes geld indien lede bogenoemde keuses uitoefen.

Net om die geheue te verfris: in terme van die fonds se **lewensfasemodel** word lede outomaties en geleidelik na die kontantportefeulje geskuif in die jaar waarin hulle 63 word (sou hulle nie gekies het om in die fonds se gebalanseerde portefeulje of een van die ander beleggingsopsies wat vir hulle beskikbaar is, te bly nie). Aan die einde van die jaar waarin hierdie lede 65 word, sal ongeveer 50% van hulle fondskrediet in die gebalanseerde portefeulje en 50% in die kontantportefeulje belê wees.

## 2. Toewysing van bydraes tot die fonds

Die lede van die fonds dra by tot aftrede volgens hulle verkose bydrae-kategorie. Afhangend van die lid se keuse, kan lede 10%, 12.5%, 15%, 17.5% of 20% van pensioendraende vergoeding tot die fonds bydra, buiten die bydraes wat gemaak word vir die eggenoot en kinders se pensioen en ongeskiktheidsdekking. **Lede kan ook addisionele, vrywillige bydraes tot die aftreefonds op 'n ná-belaste basis maak.**

Die toewysing tot die fonds en ongeskiktheidskema op 1 Januarie 2013 was soos volg:

| Toewysing van lid se bydraes | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale bydrae per kategorie | 11.318% | 13.818% | 16.318% | 18.818% | 21.318% |
| Min: Ongeskiktheidspremie | 0.348% | 0.348% | 0.348% | 0.348% | 0.348% |
| Min: Premie vir eggenoot- en kinderpensioen | 0.97% | 0.97% | 0.97% | 0.97% | 0.97% |
| Min: Voorsiening vir administrasiekoste | 0.35% | 0.35% | 0.35% | 0.35% | 0.35% |
| **Bydrae tot aftrede** | **9.65%** | **12.15%** | **14.65%** | **17.15%** | **19.65%** |

[5] Die *Investment Solutions (IS) FullVest* portefeulje het vroeër gedien as die beleggingsmedium vir die kapitaalbeskermingsopsie en is in November 2004 met die *IS Banker* portefeulje vervang.

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*

Let daarop dat werknemers ook bydra tot aparte eggenootdekking en aparte lewensversekering wat nie deur die fonds verskaf word nie en ook nie hier gewys word nie.

Die struktuur van die gade en kinders se pensioenvoordeel het op 1 Maart 2013 verander. Die Universiteit het in die verlede klagtes oor hierdie dekking vanaf ongetroude personeel ontvang omdat alle lede daartoe bydra, selfs al het hulle nie 'n gade of kinders nie en dus nie daaruit sou voordeel trek nie. Die trustees het kennis geneem van hierdie besware en het op versoek van die Universiteitsbestuur toegestem om die voordeel uit te brei. Die gade- en kinderpensioen word behou, maar verhoog nou jaarliks met 100% van inflasie. 'n **Minimum** lewensdekking van 2 keer salaris sal egter nou aan alle lede betaalbaar wees, ongeag of hulle 'n gade of kinders het. Die koste van die beoogde lewensdekking is 0.999% van pensioendraende inkomste en is net effens hoër as die huidige koste van 0.97% van pensioendraende inkomste.

## 3. Jongste wetgewingskwessies

Hierdie afdeling van u trusteeverslag verskaf inligting oor belangrike veranderinge in wetgewing wat in die verslagjaar in werking getree het. Wetgewende veranderinge kan u aftreespaargeld beïnvloed, dus sal u op hoogte wees van sake indien u hierdie afdeling lees.

### Die jongste oor aftreehervorming

Aan die begin van 2011 het die Nasionale Tesourie 'n nuwe padkaart vir die hervorming van die finansiële sektor beskikbaar gemaak in sy publikasie, *A Safer Financial Sector to Serve South Africa Better.*

In 2012 het die Nasionale Tesourie etlike dokumente vrygestel met voorstelle oor die sleutelaspekte van aftreehervorming en die verskillende beleidsopsies om hierdie doelwitte te bereik. Die regering wil spaarkoerse verhoog, die lekkasie van spaargeld uit die bedryf verminder en seker maak aftreefondse verskaf goeie waarde aan hulle lede.

Die bedryf is besig om hulle kommentaar oor die voorgestelde veranderings aan die Nasionale Tesourie voor te lê. Ons sal u op hoogte hou van enige ontwikkelings soos dit plaasvind.

## 4. Veranderinge in reëls

Elke aftreefonds se stel reëls moet by die Registrateur van Pensioenfondse (FDR) geregistreer word en deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) goedgekeur word. Veranderinge in hierdie reëls moet ook met die Registrateur van Pensioenfondse geregistreer word en deur SAID goedgekeur word.

Die volgende veranderinge aan die reëls is in die afgelope jaar aan die FDR en die SAID voorgelê:

| *Nr* | *Oogmerk* | *Effektiewe datum* | *Goedgekeur: FDR* | *Goedgekeur: SAID* |
|---|---|---|---|---|
| 2 | – Om die definisie van "Kwalifiserende Gade" te verander om voorsiening te maak vir enige verdere vereistes wat ingestel word deur die Geregistreerde Versekeraar by wie die gade se pensioen verseker is.<br>– Om voorsiening te maak vir die beoogde verandering in die gade- and kinderpensioenvoordeel. | 1 Maart 2013 | 14 Des 2012 | 14 Des 2012 |

Die reëls kan by die fonds se geregistreerde adres besigtig word.

## 5. Projeksiestate

Projeksiestate word saam met die Fonds se voordeelstate verskaf. Hierdie state illustreer die Netto Vervangingsverhoudings wat lede met aftrede kan verwag, onderhewig aan verskillende groeiscenario's vir beleggings. Van belang is dat die Netto Vervangingsverhoudings op 'n lid se pensioendraende salaris gebaseer word, wat op sy beurt slegs 75% van 'n lid se totale koste van indiensname uitmaak. Byvoorbeeld, met u aftrede kan u kan verwag om slegs 60% van u totale finale salaris as pensioen te ontvang indien die projeksiestaat aandui dat u 'n Netto Vervangingsverhouding van 80% sal ontvang. Dit is dus belangrik om addisionele aftreebefondsing te oorweeg ten spyte van 'n relatief hoë Netto Vervangingsverhouding in u projeksiestaat.

Lede kan bykomende finansiële modellering op AF Online doen, soos hieronder bespreek.

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*

## 6. Lede wat nie hulle fondskrediet opeis nie

Daar was al in die verlede gevalle waar lede die Universiteit verlaat het en nie die nodige betaalinstruksies verskaf het nie sodat hulle fondskrediet in die fonds agterbly. Die trustees het besluit dat hierdie lede se fondskrediete uit die fonds se beleggingsportefeulje na 'n bankrekening geskuif moet word sodra die fonds daarvan bewus word dat die persoon uit diens getree het. 'n Maandelikse administrasiefooi van R15 sal betaalbaar wees totdat die voordeel geëis word.


## 7. AF Online: u intydse bron van inligting

Die trustees moedig u aan om meer betrokke in u aftreebeplanning te wees. AF Online is 'n praktiese intydse fasiliteit waar u intydse inligting oor u aftreespaargeld kan kry. Bly op hoogte van u beleggingsinligting en fondsvoordele op die AF Online webblad. Alle lede van die fonds kan toegang tot die webblad kry via www.afonline.co.za.

## 8. Uitstel kan u seermaak

Te veel mense wat aftrede nader, raak bekommerd dat hulle nie genoeg gespaar het nie. Hulle stel te laat in hulle lewens realistiese teikens en besef eers wanneer aftrede nader dat hulle hul lewenstyl sal moet aanpas en met minder inkomste oor die weg sal moet kom. Hoe langer u wag voor u begin spaar, hoe hoër is u aftreefondsbydraes om die pensioen te kry wat u wil hê.

Die grafiek hieronder wys hoeveel u sal moet bydra as u teen die ouderdom van 25, 30, 40 of 50 begin spaar. Soos u kan sien, as u wag tot u 40 is, sal u 46% van u salaris moet bydra om 75% van u finale salaris as pensioen te kry wanneer u op 65 aftree. Indien u wag tot die ouderdom van 50, sal u 80% van u salaris moet bydra![6]




As swak marktoestande met geen langtermyn aftreebeplanning gekombineer word, sal u pensioen ernstig beïnvloed word. U moet teikens stel en so vroeg moontlik vir u aftrede begin beplan.

Let op u bestedingsgewoontes en begin om geld weg te sit vir wanneer u dit die meeste sal nodig kry. Raadpleeg 'n finansiële adviseur wat u kan help om te bepaal wat u moet doen om 'n gemaklike aftrede te verseker.

## 9. Voordeelstate soos op 31 Desember 2012

Saam met hierdie nuusbrief het u u jaarlikse voordeelstaat ontvang wat besonderhede verskaf van die bydraes wat namens u aan die fonds betaal word, en die waardes van u uitdienstredings-, sterfte-, ongeskiktheids- en aftreevoordele op die datum van die staat. Lees asseblief noukeurig deur u staat en kontak Robert van Staden (rwvs@sun.ac.za) indien enige veranderinge aangebring moet word.

[6] Op grond van dieselfde aannames as wat vir die Alexander Forbes Pensions Index gebruik word. Besoek gerus die volgende skakel om die Alexander Forbes Pension Index aannames te verkry http://www0.sun.ac.za/hr/af/wp-content/uploads/2013/03/9-3-Alexander-Forbes-Pensions-Index-December-2012.pdf

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*

## 10. Pensioenteiken is nie 'n belofte nie

Die meeste aftreefondse poog om hulle lede 'n aftreevoordeel van tussen 75% en 80% van hulle finale salaris te gee, ná 35 tot 40 jaar se spaar. Onlangse studies wys egter dat 57% van pensioenarisse minder as 30% van hulle finale inkomstetjek as inkomste kry.

Volgens John Anderson, besturende direkteur van Navorsing en Produkontwikkeling by Alexander Forbes, veronderstel 75% van u finale inkomste dat u min of geen skuld het wanneer u aftree nie. Vir die meeste individue word 60% van die finale salaris beskou as die absolute minimum wat as inkomste benodig sal word. Met minder as hierdie bedrag sal u nie naastenby u vóór-aftrede leefstyl kan volhou nie.

### 'n Aftreefonds op sy eie is nie voldoende nie

Baie mense is onder die indruk dat die kapitaal wat deur maandelikse pensioenbydraes opgebou word, voldoende sal wees om met aftrede van te lewe. In baie gevalle is dit egter beslis nie die geval nie.

Daar is 'n verskeidenheid veranderlikes wat 'n invloed sal hê op die voordeel wat met aftrede tot u beskikking sal wees. Sommige van hierdie veranderlikes wat die moeite werd is om hier te noem, is:

- die vlak van pensioenbydraes wat u gedurende u werksloopbaan via u werkgewer maak,
- die risiko's en opbrengste waaraan u fondse blootgestel word, en
- die fondse (buiten u huis en ander bates wat u moet gebruik) wat u **self** tydens u lewe gespaar het wat gebruik kan word om u maandelikse inkomste aan te vul.

Verder kan u bestedingsgewoontes ook 'n drastiese invloed op u maandelikse inkomste hê. Nog 'n werklike bedreiging vir u maandelikse inkomste is inflasie. Inflasie kan met tyd noemenswaardig erodeer wat u ná aftrede maandeliks kan koop.


Die belangrike vrae wat beantwoord moet word, is:

- Watter vlak van inkomste benodig u om ná aftrede van te leef?
- Hoeveel moet u nou meer spaar om enige verwagte tekort met aftrede reg te stel?

Hoewel dit nie binne die bestek van hierdie nuusbrief is om al die belangrike aspekte te dek wat oorweeg moet word nie, is dit belangrik om uit te wys dat regstellende aksies lank voor aftrede geneem moet word om die effek van saamgestelde rente te optimeer en sodoende 'n gemaklike aftrede te verseker (sien ook punt 8 hierbo).

Langtermyn rentekoerse (*bond yields*) is die opbrengste wat 'n belegger sou verdien indien die belegging gekoop word en tot op die vervaldatum gehou word.

Die Alexander Forbes Pensions Index toon dat lede van vastebydrae aftreefondse (soos die Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds) kan verwag om laer aftrede-inkomste as in die verlede te ontvang. Die indeks gebruik drie spaarders, gebore op 1 Januarie 1972, 1 Januarie 1962 en 1 Januarie 1952, wat beteken hulle is op 1 Januarie 2002 30, 40 en 50 jaar oud en op koers om 75% van hulle vóór-aftrede salaris te ontvang. Volg die skakel hieronder om inligting te bekom oor die generiese aannames wat vir hierdie indeks gebruik is en die redes vir die agteruitgang in die indeks sedert 2002




http://www0.sun.ac.za/hr/af/wp-content/uploads/2013/03/9-3-Alexander-Forbes-Pensions-Index-December-2012.pdf

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*

Ongelukkig het langtermyn rentekoerse skerp gedaal sedert Januarie 2002, wat selfs proaktiewe spaarders met minder laat, ten spyte van die goeie prestasie van aandele in die beleggingsportefeulje in dieselfde tydperk. Teen 30 September 2012 kon hulle verwag om onderskeidelik 33.1%, 40.5% en 53.7% van hulle salaris voor aftrede te ontvang.

**Wees prakties met u aftreespaargeld**

Maak seker u praat met 'n finansiële beplanner of die trustees van u fonds om uit te vind of u enige tekorte in u aftreespaargeld het. Indien u sou ontdek dat u minder gaan ontvang as wat u verwag het, moet u meer spaar en beleggings oorweeg. Daar is baie opsies beskikbaar – maak dus seker u kies die een wat u behoeftes en omstandighede die beste pas. U kan ook u eie vervangingsverhoudings met u eie bydraekoerse, fondswaardes en ander aftreespaargeld modelleer by www.afonline.co.za.

**VERWAG U 'N BEVORDERING?**
Indien u 'n salarisverhoging kry, kan u moontlik gewoond raak aan die nuwe lewenstandaard sonder om dit as 'n pensioenaris te kan onderhou. Spaar 'n gedeelte van elke verhoging elke maand in u aftreefonds. Só sal u verseker dat u aftrede so goed as u hede sal wees.

## 11. Benoemingsvorm vir begunstigdes

Die trustees het 'n plig om alle kwalifiserende afhanklikes en benoemde begunstigdes te identifiseer wanneer 'n lid van 'n aftreefonds sou sterf. In terme van Artikel 37C van die *Wet op Pensioenfondse* neem die trustees dan die betrokke omstandighede in ag wanneer hulle die afgestorwene se enkelbedrag sterftevoordeel moet verdeel.

Indien u nog nie 'n benoemingsvorm vir begunstigdes voltooi of bygewerk het nie en dit moeilik is om u gesinslede te kontak, kan daar moontlik tot 12 maande verbygaan voordat u voordele uitbetaal word – juis wanneer u gesin 'n groot behoefte aan finansiële bystand het.

- Werk u benoemingsvorm vir begunstigdes by deur dit te verander wanneer u persoonlike omstandighede verander, soos met 'n huwelik, egskeiding, die geboorte van 'n kind of 'n kind wat finansieel onafhanklik word.
- As u nie die name van die mense wat finansieel van u afhanklik is, invul nie, word dit die trustees se plig om later seker te maak dat hulle 'n deel van u sterftevoordeel kry, of u dit wou hê of nie.
- Indien u 'n afhanklike het wat nie deel van die sterftevoordeel moet kry nie, moet u nog steeds die persoon se naam op u benoemingsvorm van begunstigdes insluit. Sit net 0% by hulle naam en verskaf 'n geldige rede hoekom hulle nie enige van die voordele moet ontvang nie.
- 'n Benoemingsvorm vir begunstigdes kan op die MHB-webblad verkry word: http://www0.sun.ac.za/hr/af/dokumente/mh-vorms/

Dit is baie belangrik dat u begryp dat enige testament wat u opstel geen effek sal hê op hoe die sterftevoordeel verdeel word nie. Die wet bepaal dat u testament nie kan bepaal hoe u fondsvoordele betaal moet word nie. Indien u testament bepaal dat u sterftevoordeel aan 'n spesifieke persoon uitbetaal moet word, kan die trustees nog steeds u wense van die hand wys en die sterftevoordeel toeken soos hulle glo regverdig is en in ooreenstemming met die *Wet op Pensioenfondse*.

## 12. Bestuur van die fonds

Elke aftreefonds word deur 'n raad van trustees beheer. Die trustees wat deur die werkgewer aangestel word, is deur u werkgewer gekies en die trustees wat deur die lede aangestel is, word deur u, die lid, gekies.

***Die trustees het 'n plig om:***
- Die fonds volgens die reëls van die fonds te bestuur, sowel as volgens pensioenfonds- en belastingwetgewing.
- Alle redelike stappe te neem om te verseker dat u belange altyd beskerm word.
- Met sorg, ywer en te goeder trou op te tree.
- Belangebotsings te vermy.
- Namens alle lede en begunstigdes regverdig te handel.
- Seker te maak dat ordentlike beheerstelsels in plek is.
- Seker te maak dat u op 'n gepaste wyse en voldoende kommunikasie ontvang.
- Redelike stappe te neem om te verseker dat bydraes betyds betaal word.
- Kundige raad te verkry waar hulle kundigheid kort.
- Seker te maak dat die funksionering en administrasie van die fonds voldoen aan alle relevante wette.

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*

Die volgende trustees het op die raad van u aftredefonds gedien vir die tydperk in hersiening:

| | |
|---|---|
| **Trustees deur werkgewer aangestel** | Prof JU de Villiers<br>Prof JD Krige<br>Mnr J Fouché<br>Prof JF Smith<br>Mnr HAJ Lombard |
| **Trustees deur lede aangestel** | Mnr LR Burrows<br>Mnr PW Kloppers<br>Prof E Calitz<br>Prof JH van Rooyen<br>Me G Arangies |
| **Hoofbeampte** | Mnr J Kotzé |
| **Voorsitter** | Mnr J Fouché |

Mnr J Fouché se termyn as trustee wat deur die werkgewer aangestel is, het op 28 Februarie 2013 tot 'n einde gekom en me Fran du Plessis is in sy plek aangestel.

## 13. Die fonds se diensverskaffers

Die trustees benodig kundige advies om seker te maak dat hulle u aftreegeld op die beste manier moontlik bestuur. Die volgende maatskappye is deur u trustees aangestel om hulle by te staan in die bestuur van u fonds:

| Diens | Verskaffer | Opsomming van funksie |
|---|---|---|
| Aktuarisse en konsultante | Alexander Forbes Finansiële Dienste | Om die trustees te help en te lei in die bestuur van die fonds en om nakoming van aftreefondswetgewing te verseker. Om die finansiële posisie van die fonds te ondersoek en daaroor verslag te doen. |
| Aktuarisse en konsultante | Alexander Forbes Finansiële Dienste | Lopende rekordhouding, belê van bydraes, uitreiking van voordeelstate en betaling van voordele. |
| Ouditeure | PriceWaterhouseCoopers | Om die jaarlikse oudit van die fonds se rekenings uit te voer en verslag te doen oor sekere vereistes soos deur die Registrateur van Pensioenfondse bepaal. |
| Bankiers | Standard Bank | Dit is die bank waar die fonds sy rekenings het, waaruit en waarin fondsgelde betaal word. |
| Versekeraars | Capital Alliance, Old Mutual | Om groeplewensversekering en permanente gesondheidsversekering (sterfte- en ongeskiktheidsvoordele) te verskaf. |
| Beleggingsbestuurders | Allan Gray, Coronation, Prudential, Contrarius & Investment Solutions | Om die fonds se bates volgens die mandaat wat deur die trustees uiteengesit is, te bestuur. |

## 14. Belangrike kontakbesonderhede

| *MH-departement* | *Fondskonsultant* | *Pensioenfondsberegter (PFB)* |
|---|---|---|
| **Japie Kotzé**<br>Tel.: 021 808 2754<br>Faks: 021 808 2484<br>E-pos: jjsk@sun.ac.za<br><br>EN<br><br>**Robert van Staden**<br>Tel.: 021 808 4822<br>Faks: 021 808 2484<br>E-pos: rwvs@sun.ac.za<br><br>Alle eise of fondsnavrae moet via die MH-departement gedoen word. | **Theo van Wyk**<br>Tel.: 021 809 3723<br>Faks: 021 809 2898<br>E-pos: vanwykt@aforbes.co.za | Posbus 580<br>Menlyn<br>0063<br>E-pos: enquiries-jhb@pfa.org.za<br><br>Lede mag die PFB nader indien hulle klagtes nie voldoende deur die fonds hanteer word nie. Raadpleeg die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir besonderhede en vir die omstandighede waaronder 'n klag ingedien mag word. |

*Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.*